BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

BabaGim en Fetale Alkoholsindroom

Veronica is as ’n FAS- (Fetale Alkoholsindroom-) baba gebore. Op drie maande het haar lyfie nog steeds onophoudelik geruk en gebewe. Haar ogies was dof en haar voetjies baie sensitief.

Ons het die eerste twee dae die BabaGim-massering gedoen en daarnaaddisionele BabaGim-oefeninge bygevoeg. Veronica was binne ’n week ’n ander mensie. Twee weke daarna het die rukbewegings heeltemal opgehou, haar ogies het geblink en sy was ’n gelukkige dogtertjie wat elke oomblik van die massering en BabaGim geniet het.

Teen drie maande en drie weke het sy haar eie bottel begin vashou.

Toe Veronica op sewe maande en twee weke wou begin kruip, het sy probleme ondervind. Gelukkig het BabaGim weer tot die redding gekom, en binne ’n paar dae het sy die wêreld vol gekruip en haar onafhanklikheid geniet.

p : 011 888 5434 **m** : 082 301 5860 **f** : 086 618 9038 **e** : institute@babygym.co.za
53 8th Street Linden, Johannesburg, 2195 . PO Box 44389 Linden, Johannesburg, 2104
www.babygym.co.za